# HOOFSTUK 6

# RESULTATE EN BEVINDINGE

## 6.1 INLEIDING

Na afloop van die empiriese ondersoek, wat die onderskeie begeleidingsprogramme te wete die groepvoorligtingsprogram, die ouerbegeleidingsprogram en 'n kombinasie van die twee programme insluit, word die verloop daarvan vervolgens uiteengesit en die resultate geëvalueer. Ofskoon die inhoud van elke sessie reeds in hoofstuk 5 weergegee is, verskil die afloop met betrekking tot sekere sessies van die aanvanklike beplanning en verdien momente daaruit verdere aandag. Voorts word agtergrondgegewens van die proefpersone verskaf sodat die resultate sinvol geïnterpreteer kan word.

## 6.2 VERLOOP VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 6.2.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie is hoofsaaklik toegespits op die adolessent en oorsaaklike faktore wat hom kwesbaar maak vir die ervaring van depressiewe gevoelens, begeleidings-/terapievorme wat aangewend kan word vir die bekamping van sodanige gevoelens, asook wyses waarop die skool en ouerhuis by sodanige begeleiding betrokke kan raak.

### 6.2.2 Groepvoorligtingsprogram

### 6.2.2.1 Oriënteringsessie

Tydens die eerste sessie is in 'n groot mate geslaag om die doelwit, naamlik om mekaar beter te leer ken, groepkohesie te vestig en die groepterapeutiese meganismes aan groeplede bekend te stel, te bereik. Vrese van groeplede dat hulle gedwing sal word om oor sekere dinge te praat, vertroulikheid nie gewaarborg kan word nie of dat hulle geëtiketteer kan word, is deur die groepleier besweer. Daar is duidelik aan groeplede verduidelik wat van hulle verwag word, dat hulle selfmoniterend moet wees en dat hulle self 'n verantwoordelikheid het om persoonlik werk te maak van neerslagtige gevoelens. Reëls vir die duur van die program is neergelê en 'n versekering om sessies gereeld by te woon, is verkry.

### 6.2.2.2 Verwerwing van kennis oor depressie

Soos reeds vroeër aangedui word die begrip "depressie" nie gebruik nie, maar wel "neerslagtigheid" of "terneergedruktheid". Faktore wat tot sodanige gevoelens aanleiding gee, is aan die groep voorgehou, asook die wyses waarop dit in die adolessent se lewe kan manifesteer. Uit die terugvoering wat vanuit die groep verkry is, is dit interessant om daarop te let dat hulle die volgende faktore, in volgorde van belangrikheid, uitsonder as moontlike oorsake vir hul depressiewe gevoelens:- stres (vanweë druk met betrekking tot eksamen-, huiswerk- en buitemuurse verpligtinge), onvermoë om ideale te verwesenlik (hulle kan dus nie aan hul eie, ouers of onderwysers se verwagtinge voldoen nie), vroeë ervaring van verlies, ouerlike depressie (veral aan moederskant) of ander siekte, onkontroleerbaarheid van die omgewingsinvloede en foutiewe denkwyses.

Tydens sessie 2 is interpersoonlike groei subjektief by groeplede waargeneem deurdat hulle hulself algaande beter leer ken, bewus word van hul goeie hoedanighede, tekortkominge, asook die effek wat hul gedrag op ander het.

Die terapeutiese waarde wat hoofsaaklik uit hierdie sessie gespruit het, was die gewaarwording dat ander dieselfde probleme ervaar en soms net so magteloos voel.

### 6.2.2.3 Aanleer van probleemoplossingsvaardighede

Nadat probleme deur die groep geïdentifiseer is, kry groeplede geleentheid om hul probleme deur middel van 'n "inbelprogram" met 'n ander lid, wat as raadgewer optree, te bespreek. Ander lede, sowel as die groepleier is uitgenooi om ook te "skakel" en aan die bespreking deel te neem. Op dié wyse is die beste oplossing vir 'n bepaalde probleem gevind. Deurgaans is klem gelê op die stappe in probleemoplossing soos beskryf in paragraaf 5.5.3.1 (sessie 4).

Tydens sessie 3 het groeplede onder andere met die volgende probleme "geskakel" vir hulp:

- "'n vriend sukkel met 'n lae selfbeeld",
- "ek kan nie kies tussen twee vriende nie" (sy wil net vriende wees, terwyl hulle van haar verwag om 'n keuse uit te oefen),
- "ouers en onderwysers verstaan my nie",
- "ek kan nie slaap nie",
- "ek het probleme met die baie reëls" (tuis en by die skool),
- "vriende van my is jaloers op my",
- "my klein boetie/sussie irriteer my" (Pa en Ma kies gewoonlik kant vir die kleineres),
- "ek kry nooit erkenning vir iets nie",
- "ek kan nie al die verantwoordelikhede hanteer nie",
- "ek is bang ek sal nie slaag nie", en
- "my ouers dink ek is net in die pad".

Groeplede het hierdie sessie oor die algemeen baie geniet.

### 6.2.2.4 Aanleer van interpersoonlike vaardighede

Uit die groep se evaluering van hul verhouding met hul ouers, broers/susters, onderwysers en portuurgroep blyk dit dat min probleme met laasgenoemde ervaar word. Die meeste probleme word ervaar ten opsigte van hul verhouding met broers en susters, gevolg deur hul verhouding met onderwysers en hul verhouding met hul ouers.

Na aanleiding van bogenoemde is groeplede versoek om kleiner groepe te vorm en probleemsituasies deur middel van rollespel uit te beeld. Die groep moes hierna oplossings vir die bepaalde probleem bespreek. As gevolg van die heterogene indeling van die groep was van die klein groepe nie in staat om sinvolle probleemsituasies uit te beeld nie.

Die waarde van hierdie sessie was daarin geleë dat groeplede kennis kon maak met interpersoonlike vaardighede, soos geïllustreer deur ander groeplede, en dit ook in hul eie interpersoonlike verhoudings kan toepas.

### 6.2.2.5 Byhou van 'n aktiwiteitskedule

In sessie 5 is groeplede versoek om lyste van aangename aktiwiteite saam te stel. Diegene wat probleme hiermee ondervind het kon 'n keuse maak uit ander se lyste om hul eie lyste aan te vul. Die doel van hierdie sessie was om groeplede te begelei om self depressiewe gevoelens, gedagtes en aktiwiteite wat daarmee verband hou te monitor en daadwerklik iets daaraan te doen deur aangename aktiwiteite te onderneem.

Die waarde van bogenoemde was daarin geleë dat meer positiewe versterking vanuit die omgewing gegenereer kon word deurdat die groeplid as 't ware gedwing is om 'n aktiwiteitskedule by te hou wat tydens die volgende sessie gekontroleer sou word.

6.2.2.6 **Kontrole van die aktiwiteitskedule**

Die doel van sessie 6 was om die aktiwiteitskedule te kontroleer en objektief te evalueer. Groeplede het geleentheid gekry om positiewe versterking te verleen aan daadwerklike pogings om depressiewe gevoelens aktief te bestry. Daar is egter ook gewys op die negatiewe konsekwensies van sekere aktiwiteite, soos byvoorbeeld om doelloos voor die televisie te lê.

6.2.2.7 **Rasionalisering van irrasionele idees**

Die doel van sessie 7 was daarop gerig om groeplede te begelei tot selfontdekking van hul irrasionele denkpatrone. Deur gebruik te maak van die drievoudige kolom-tegniek is groeplede versoek om self onaangename (depressiewe) gevoelens in kolom 1 en hul outomatiese reaksies daarop in kolom 2 neer te skryf. 'n Ander groeplid is versoek om 'n meer rasionele reaksie daarop in kolom 3 in te vul. Laasgenoemde is daarna deur die groep bespreek en alternatiewe rasionele reaksies is bygevoeg.

Ofskoon diegene met beter verstandelike vermoëns in die groep oënskynlik groot baat by hierdie tegniek gevind het, het die swakker groeplede probleme ondervind om sinvolle bydraes te lewer.

### 6.2.2.8 Evaluering van die drievoudige kolom-opdrag

Die doel van sessie 8 was daarin geleë om die tegniek van die drievoudige kolom verder in te skerp en die voorafgaande week se huiswerkopdrag te evalueer. Voorts is groeplede aangemoedig om voortaan van hierdie tegniek gebruik te maak wanneer depressiewe gevoelens ervaar word.

### 6.2.2.9 Konsolidering

Tydens sessie 9 is die hele program in oënskou geneem en tegnieke en vaardighede hersien wat die groeplede kan aanwend om hulle depressiewe gevoelens self te hanteer. Situasies wat aanleiding kan gee tot depressiewe gevoelens is deur middel van rollespel uitgebeeld en oplossings soos blyk uit die afgelope program is aan die hand gedoen. Rollespel gedurende hierdie sessie was meer suksesvol as die rollespel in sessie 4 aangesien slegs vrywilligers gevra is om 'n rollespel op te voer.

Die waarde van die voorlaaste sessie was hoofsaaklik daarin geleë dat alle tegnieke en vaardighede in bepaalde situasies gekonsolideer kon word.

### 6.2.2.10 Afsluiting

Tydens die afsluiting is 'n onderneming van groeplede verkry om in die toekoms beskikbaar te wees vir mekaar, maar ook vir ander wat moontlik depressiewe gevoelens mag ervaar. Die res van die sessie is gebruik om ontspanne te gesels oor algemene probleme wat ervaar word.

Ter afsluiting is 'n brief (vergelyk bylaag F8) aan elke groeplid oorhandig wat die hele program kortliks opsom en groeplede is aangemoedig om dit altyd byderhand te hou vir tye wanneer hulle neerslagtig mag voel.

### 6.2.3 Ouerbegeleidingsprogram

#### 6.2.3.1 Oriënteringsessie

Tydens die eerste sessie is kortliks gewys op depressie as gemoedsversteuring en in welke mate dit adolessente se lewens affekteer. Die algemene doel van die navorsing is aan ouers verduidelik, asook die spesifieke doel met die ouerbegeleidingsprogram. Voorts is ouers gewys op die aard van die adolessent en sy kwesbaarheid tot depressiewe gevoelens, oorsaaklike faktore wat 'n rol speel by adolessentedepressie, asook die wyses waarop dit tydens adolessensie manifesteer. Ouers is uitgenooi om enige tyd inbreuk te maak en bydraes te lewer of vrae te vra. Die vrymoedigheid waarmee ouers aan die bespreking deelgeneem het, was opmerklik. Dit was waarskynlik te wyte daaraan dat hulle kohesie ervaar het deurdat insidente, wat tydens die inleiding as voorbeelde gebruik is, vir hulle bekend voorgekom het.

Na afloop van die sessie is 'n opsomming daarvan en 'n bronnelys van relevante boeke wat in die plaaslike biblioteek beskikbaar is, aan ouers verskaf. (Vergelyk bylaag $F_1$).

#### 6.2.3.2 Disharmoniese opvoedingsdinamiek

Tydens sessie 2 is die ouerskapstyle, te wete outoritêre-, demokratiese- en permissiewe ouerskapstyl nader toegelig. Na aanleiding van die vraelys oor die ouerskapstyle (vergelyk bylaag $F_2$), het dit geblyk dat die groep ouers oorwegend 'n demokratiese- of gebalanseerde styl handhaaf. Tog het elkeen toegegee dat hul styl binne verskillende situasies kan wissel van 'n outoritêre ouerskapstyl tot 'n permissiewe ouerskapstyl. Uit die interaksie van groeplede blyk dit dat 'n oplossing gevind moet word om ouer en kind tevrede te stel.

Die waarde van hierdie sessie was dat ouers geleentheid kon kry om hul opvoedingstyl op 'n meer objektiewe wyse te beskou en die waarde van 'n demokratiese- of gebalanseerde opvoedingstyl deur middel van rollespel kon ervaar. Sodoende het ouers tot die slotsom gekom dat kinders se eiewaarde voortdurend versterk moet word en dat ouers eerder moet luister as om te praat, te vermaan en opdragte te gee. Ouers is dit eens dat 'n kind se gedrag geëvalueer moet word en nie die kind as persoon beoordeel moet word nie. Met die hulp van die groepleier word die probleem wat moontlik met 'n kind ervaar word, verskuif van die kind na die totale opvoedingsdinamiek binne die gesin.

Ter opsomming word 'n bordskema (vergelyk bylaag $F_3$), wat met verloop van die sessie voltooi is, aan groeplede getoon ter wille van hersiening.

### 6.2.3.3 Kommunikasie tussen ouer en kind

Uit sessie 3 blyk dit dat ouers geneig is om slegs met hul adolessente te kommunikeer wanneer hulle as ouers probleme ervaar. Ouers is dan ook geneig om outokraties op te tree en weinig begrip te toon. Deurdat ouers geleentheid gekry het om hul reaksies op bepaalde situasies weer te gee, kon hulle bogenoemde eerstehands ervaar.

Die volgende aspekte vir effektiewe/sinvolle kommunikasie tussen ouer en adolessent het aandag geniet: samehorigheid as voorwaarde vir sinvolle kommunikasie, hantering van situasies waarin i) die adolessent ii) die ouer iii) die ouer en adolessent 'n probleem ondervind, asook situasies waarin geen probleem ondervind word nie. Die gesinsvergadering, as geleentheid om gesinsprobleme te bespreek, onderlinge begrip by gesinslede te kweek en gesamentlike gesinsaktiwiteite te beplan, word deur ouers uitgesonder as 'n aspek wat nie genoegsaam aangewend word nie.

Die teoretiese inhoud van sessie 3 word kortliks in bylaag $F_4$ aangetoon.

### 6.2.3.4 Psigo-analitiese-/Gedragsbenadering

In sessie 4 het ouers die geleentheid gehad om voorstelle aan die hand te doen waarvolgens 'n klimaat tuis geskep kan word om depressiewe gevoelens te bekamp. Die groepleier het die nodige leiding verskaf sodat momente uit die vorige sessies geïdentifiseer is as faktore wat die adolessent weerbaar sal maak teen sodanige gevoelens.

Ouers het die praktiese gedeelte van die sessie, waartydens hulle versoek is om "emosionele tenks" aan die hand van kleiner groepbesprekings te vul, baie geniet en groot waarde daaruit geput. Die ervaring dat hulle as ouers iets daadwerkliks aan die probleem kan doen, was klaarblyklik van groot waarde. Die effek van positiewe versterking in gedragsbeheer en die verandering van negatiewe responspatrone het tydens die sessie duidelik na vore gekom. Hiervolgens word gedrag wat beloon word versterk, terwyl gedrag wat een of ander vorm van straf ontlok, vermy word.

'n Kort uiteensetting van sessie 4 word in bylaag $F_5$ aangetoon.

### 6.2.3.5 Kognitiewe benadering

Die doel van hierdie sessie was hoofsaaklik daarop gerig om groter begrip by die ouer vir die verwronge denkpatroon van die depressiewe adolessent te vestig. Na afloop van die inleidende praatjie deur die groepleier is die volgende aspekte tydens groepbespreking uitgelig: die aanname dat die depressiewe adolessent homself, sy wêreld en die toekoms negatief beskou, wyses van denkdistorsie, aangeleerde hulpeloosheid, selfbeloning en die klem wat op kleiner suksesse

geplaas moet word. Na afloop van die inleidende praatjie deur die groepleier het ouers die geleentheid gehad om opvoedkundige beginsels, vaardighede en gesindhede te operasionaliseer en sodoende van mekaar te leer.

'n Teoretiese uiteensetting van sessie 5 volg in bylaag $F_6$.

### 6.2.3.6 Humanisties-eksistensiële benadering

Die doel van sessie 6 was om ouers die geleentheid te gee om faktore wat selfverwesenliking by die adolessent belemmer, te identifiseer en na aanleiding van 'n groepbespreking wenke aan die hand te doen om sodanige faktore sover moontlik uit te skakel. Uit die groepbespreking het dit geblyk dat baie van die adolessente ter sprake geneig is om te veel druk op hulself te plaas en dan ervaar dat hulle nie aan sodanige eise kan voldoen nie. Enkele ouers het egter tot die slotsom gekom dat hulle as ouers geneig is om te veel druk, deur onrealistiese eise, op hul kinders te plaas. Die noodsaaklikheid van onvoorwaardelike aanvaarding deur die ouer in dié verband is deur ouers self as voorvereiste vir opvoeding herbevestig. Voorts is klem gelê op die ontplooiing van die unieke aard van die individu en die belangrikheid van geïnternaliseerde waardes en ideale.

'n Bordskema wat met verloop van die sessie voltooi is, word in bylaag $F_7$ aangetoon.

Vervolgens word sekere relevante agtergrondgegewens van die proefpersone verskaf.

## 6.3 AGTERGRONDGEGEWENS VAN DIE PROEFPERSONE

### 6.3.1 Proefpersoon A

Volgens A se Ed Lab is hy afkomstig uit 'n volledige gesin. Hy beskik volgens 'n groepskaal oor ondergemiddelde verstandsvermoëns (NSAGT: NV=82; V=85; T=83). Hy was egter in die hulpklas wat daarop dui dat hy waarskynlik 'n leerprobleem het wat nie voldoende opgehef is nie. Sy gedrag by die skool is nie na wense nie en hy is in die verlede gereeld aangespreek oor swak gedrag en bakleiery.

In die loop van die ouerbegeleidingsprogram het dit ook aan die lig gekom dat hy homself tuis ook skuldig maak aan aggressiewe gedrag en dat sy ouers dan vir hom in die bresse moet tree. Tydens groepvoorligting het sodanige gedrag egter nooit na vore gekom nie. Uit sy deelname het dit geblyk dat hy homself beskou as iemand met 'n leerprobleem en dat sy ouers en sy onderwysers te veel van hom verwag.

Na afloop van die program het hy na die eerste na-toets 'n geringe toename in depressiewe gevoelens getoon. Na die tweede na-toets het 'n verdere onbeduidende toename in depressiewe gevoelens plaasgevind.

### 6.3.2 Proefpersoon B

Proefpersoon B kom uit 'n hersaamgestelde gesin. Tydens die ondersoek het hy by 'n gesin gebly wat daarvoor bekend is dat hulle, hulle ontferm oor probleemkinders of kinders met ongelukkige huislike omstandighede. Die moeder van hierdie gesin het die ouerbegeleidingsessies getrou bygewoon.

Geen rekord van enige intelligensiemeting kon gevind word nie.

Na afloop van die program, maar voordat die eerste na-toets afgeneem is, is hy na ander pleegouers oorgeplaas en kon dus nie aan die na-toetse onderwerp word nie.

### 6.3.3 Proefpersoon C

Proefpersoon C se ouers is geskei toe hy 10 jaar oud was. Hy het vir ongeveer 'n jaar by sy pa gebly, maar het altyd daarna gehunker om by sy ma te gaan bly. Tans bly hy by sy ma en besoek sy pa tydens vakansies. Volgens sy ma ontstel sy pa hom tydens besoeke.

Hy beskik volgens die ASAT oor ondergemiddelde vermoëns (NV=82; V=82; T=81). As dit egter met die NSAGT vergelyk word, kan sy vermoëns as laaggemiddeld beskou word. Alhoewel hy reeds in 7 skole was, het hy nog nooit gedruip nie.

Die skool het nie enige klagtes oor sy gedrag nie. Tydens die groepvoorligtingsprogram het hy as 'n introvert voorgekom en wou op 'n stadium aan die groep onttrek. Hy is egter oorreed om voort te gaan met die program. Uit sy verdere deelname het dit geblyk dat hy min vriende het en dat hy ervaar dat sy onderwysers soms te veel van hom verwag. Voorts het dit voorgekom asof hy maklik beïnvloedbaar is.

Na afloop van die program het hy tydens die eerste na-toets 'n gemiddelde afname in depressiewe gevoelens ervaar as dit met die res van die groep vergelyk word. Volgens die tweede na-toets het sy depressiewe gevoelens 'n verdere afname getoon.

### 6.3.4 Proefpersoon D

Proefpersoon D is afkomstig uit 'n volledige gesin. Volgens 'n verslag van die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding is die omstandighede tuis egter swak. Die vader is skynbaar van tyd tot tyd werkloos. Voorts wil dit voorkom asof die ouers uitermatig godsdienstig en baie eng en rigied is in die opvoeding van hul kinders.

Sy beskik volgens die NSAGT oor effens bo-gemiddelde verstandsvermoëns (NV=113; V=108; T=112). Sy was in slegs 3 skole en het nog nooit gedruip nie.

Die skool het geen klagtes oor haar gedrag nie en tydens die groepvoorligtingsprogram het sy ook na vore gekom as 'n dogter met sterk leierseienskappe en kon met vrymoedigheid aan alle besprekings deelneem. Uit haar deelname het dit geblyk dat sy ontevrede is met die tempo waarteen sy ontwikkel, dat sy graag meer vriende sou wou hê en dat hulle soms geldelike probleme ervaar.

Na afloop van die program het sy tydens die eerste na-toets 'n geringe vermindering van depressiewe gevoelens vertoon. 'n Verdere afname in depressiewe gevoelens is tydens die tweede na-toets waargeneem.

### 6.3.5 Proefpersoon E

Proefpersoon E is afkomstig uit 'n volledige gesin. Haar ouers is skynbaar negatief teenoor die skool en wil nie glo dat hul dogter haar van tyd tot tyd aan onaanvaarbare gedrag skuldig maak nie. Sy was onder meer betrokke by 'n onsmaaklike briefskrywery en vertel leuens om haarself te beskerm.

Volgens die NSAGT beskik sy oor laaggemiddelde vermoëns (NV=97; V=90; T=94). Sy was al in 4 skole, maar het nog nooit voorheen gedruip nie.

Die skool ervaar baie probleme met haar en sy kom soms met geslepe gedrag na vore. Ofskoon haar ouers tydens onderhoude nie die aantygings teen haar wil glo nie, ervaar sy haar ouers as buitengewoon streng. Tydens die groepvoorligtingsessies het sy apaties voorgekom. Voorts was haar ouers negatief teenoor die program in geheel en het die ouerbegeleidingsessies nie getrou bygewoon nie.

Na afloop van die program het haar depressiewe gevoelens tydens die eerste na-toets effens toegeneem. Volgens die tweede na-toets het haar depressiewe gevoelens egter dramaties afgeneem.

### 6.3.6 Proefpersoon F

Proefpersoon F is afkomstig uit 'n volledige gesin met professionele ouers. Die moontlikheid bestaan dat die ouers onbewustelik onrealistiese eise gestel het en dat die dogter geweldige hoë eise aan haarself stel. Uit die ouers se positiewe houding teenoor die hele program blyk dit duidelik dat hulle haar belange op die hart dra.

Volgens die NSAGT beskik sy oor ondergemiddelde verstandsvermoëns (NV=86; V=89; T=86). Sy was in 3 skole en het nog nooit gedruip nie - sy presteer trouens ver bó haar vermoëns.

Sy is 'n baie voorbeeldige dogter wat ook in buitemuurse aktiwiteite uitblink. Tydens die groepvoorligtingsessies het sy na vore gekom as 'n goeie leier en het met oorgawe aan besprekings deelgeneem.

Na afloop van die program het haar depressiewe gevoelens volgens die selfevalueringsvraelys dramaties afgeneem. Dit is ook bevestig deur personeel wat nou met haar skakel. Volgens die tweede na-toets het sy geen depressiewe gevoelens ervaar nie.

### 6.3.7 Proefpersoon G

Proefpersoon G is uit 'n buite-egtelike verhouding gebore. Haar moeder was hierna in 'n volgende verhouding betrokke waaruit nog 'n dogter gebore is. Die moeder is na hierdie verhouding getroud met haar huidige man. Intussen het proefpersoon G by haar grootouers gewoon wat haar opvoeding behartig het. Voordat die ondersoek 'n aanvang geneem het, het haar moeder daarop aangedring dat die dogter weer by haar moet kom bly. Die verhouding tussen moeder en dogter was egter stormagtig en sy het intussen weer haar intrek by haar grootouers geneem.

Sy beskik oor gemiddelde verstandsvermoëns (NSAGT: NV=105; V=107; T=105). Sy was sedert die begin van haar skoolloopbaan in 3 skole en het skolasties goed gevaar.

Volgens gegewens vanuit haar Ed Lab verkry, het die skool nooit enige klagtes oor haar gedrag gehad nie. Tuis het haar grootouers ook net lof gehad vir haar gedrag. Tydens die groepvoorligtingsessie het sy baie positief ingeskakel by besprekings en was ook in staat om leiding te neem en kon ander groeplede goed ondersteun en van raad bedien.

Na afloop van die program het haar depressiewe gevoelens na die eerste na-toets met meer as die gemiddeld van die groep afgeneem. Sy het dit onder andere toegeskryf aan die feit dat sy tydens die voortoets by haar moeder gebly het en in

die loop van die program terug is na haar grootouers. Volgens die tweede na-toets het haar depressiewe gevoelens selfs verder afgeneem.

### 6.3.8 Proefpersoon H

Proefpersoon H is afkomstig uit 'n oënskynlik gelukkige huwelik. Sy het voordat die program 'n aanvang geneem het probeer selfmoord pleeg deur 'n oordosis pille te drink.

Volgens die NSAGT beskik sy oor hooggemiddelde verstandsvermoëns (NV-110; V-107; T-110). Sy was sedert die begin van haar skoolloopbaan in slegs 2 skole en het deurgaans volgens haar vermoëns presteer.

Haar gedrag by die skool was nog altyd goed. Tydens die groepvoorligtingsessies het sy stil en teruggetrokke voorgekom. Sy het egter versoek om individueel met die terapeut te praat oor 'n probleem wat sy met 'n onderwyseres ervaar het.

Na afloop van die program het haar depressiewe gevoelens, na die eerste na-toets, 'n geringe afname getoon volgens die selfevalueringsvraelys. Die tweede na-toets toon egter 'n groot afname in depressiewe gevoelens.

### 6.3.9 Proefpersoon I

Proefpersoon I se ouers is 2 jaar gelede geskei. Sedertdien woon sy by haar moeder wat ten tyde van die program self ernstig depressief was.

Sy beskik volgens die NSAGT oor hooggemiddelde verstandsvermoëns (NV=114; V=107; T=111), en het deurgaans daarvolgens presteer.

Alhoewel haar moeder oor haar gedrag tuis kla, het die skool geen klagtes oor haar gedrag nie. Tydens die groepvoorligtingsessies was sy deurgaans positief en het geredelik aan besprekings deelgeneem.

Na afloop van die program het haar depressiewe gevoelens volgens die selfevalueringsvraelys in 'n groot mate afgeneem. Hierdie tendens het volgens die tweede na-toets voortgeduur.

### 6.3.10 <u>Proefpersoon J</u>

Proefpersoon J is afkomstig uit 'n volledige gesin. Tydens 'n individuele onderhoud het dit egter geblyk dat sy pa en ma baie baklei en dat daar sterk sprake van 'n egskeiding is.

Volgens die NSAGT beskik hy oor hooggemiddelde verstandsvermoëns (NV=110; V=105; T=109). Alhoewel hy nog nooit gedruip het nie, presteer hy nie volgens sy vermoëns nie.

Volgens die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding is hy geneig tot aggressiewe gedrag by die skool. Tydens die groepsessies het hy soms negatief gereageer deurdat hy ekstreme oplossings vir alledaagse probleme aangebied het. Voorts het hy laat blyk dat beide sy oupa en ouma in die loop van die jaar oorlede is en dat sy onderwysers te veel van hom verwag.

Na afloop van die program het sy depressiewe gevoelens volgens die eerste natoets met meer as die gemiddeld van die groep verminder. Ofskoon die tweede natoets 'n toename in depressiewe gevoelens getoon het, was dit steeds baie laer as tydens die voortoets.

### 6.3.11 Proefpersoon K

Proefpersoon K is afkomstig uit 'n volledige gesin. Uit die groepbesprekings tydens die ouerbegeleidingsprogram het dit voorgekom asof haar pa baie streng is.

Sy beskik volgens die NSAGT oor laaggemiddelde vermoëns (NV=100; V=88; T=94). Sy was reeds in 5 skole sedert die begin van haar skoolloopbaan.

Volgens haar voogverslag gee sy geen probleme by die skool nie. Sy is egter nog altyd baie stil en teruggetrokke.

Na afloop van die program het haar depressiewe gevoelens volgens die eerste na-toets met meer as die gemiddeld van die groep verminder. Hierdie positiewe tendens het volgens die tweede na-toets voortgeduur.

### 6.3.12 Proefpersoon L

Proefpersoon L se ouers is geskei toe hy in st. 1 was. Uit die groepbesprekings tydens die ouerbegeleidingsprogram is dit duidelik dat sy ma 'n baie sterk persoonlikheid het. Sy het dan ook positiewe bydraes tot die effektiwiteit van die program gelewer.

Hy beskik volgens die ASAT oor gemiddelde verstandsvermoëns (NV=101; V=96; T=98). Hy presteer deurgaans volgens sy vermoëns.

Geen probleme rondom sy gedrag word deur die skool of sy moeder gerapporteer nie.

Na afloop van die program het sy depressiewe gevoelens na die eerste na-toets met meer as die gemiddeld van die groep afgeneem. Volgens die tweede na-toets het sy gemoedstoestand konstant gebly.

### 6.3.13 Proefpersoon M

Proefpersoon M is afkomstig uit 'n gebroke gesin. Sy woon tans by haar ouma en oupa. Volgens 'n verslag van die skool is die omstandighede tuis haglik. Die moeder was nie bereid om by die ouerbegeleidingsprogram in te skakel nie en het die terapeut duidelik laat verstaan dat sy self vir haar kind hulp sou kry indien sy dit sou benodig.

Sy beskik volgens die NSAGT oor ondergemiddelde vermoëns (NV=80; V=89; T=83). Sy het graad 1 gedruip en was reeds in 14 skole sedert die begin van haar skoolloopbaan. Volgens haar voogverslag het sy haar in die verlede skuldig gemaak aan diefstal by die skool.

Na afloop van die program was daar tydens die eerste na-toets 'n onbeduidende afname in haar depressiewe gevoelens. Volgens die tweede na-toets het haar depressiewe gevoelens egter 'n beduidende toename getoon in vergelyking met die voortoets.

### 6.3.14 Proefpersoon N

Proefpersoon N is afkomstig uit 'n gebroke gesin. Vanweë sy pa se drankprobleem woon hy die afgelope 2 jaar nie meer by hulle nie.

Hy beskik volgens die NSAGT oor gemiddelde verstandsvermoëns (NV=102; V=107; T=105). Alhoewel hy nog nooit gedruip het nie presteer hy ver onder sy vermoëns. Hy was reeds in 7 skole sedert hy sy skoolloopbaan begin het.

Volgens sy voogleêr is hy verskeie kere betrap dat hy geld uit onderwysers se klasse gesteel het. Voorts loop hy gedurig by die skool en kos bedel.

Sy depressiewe gevoelens het na afloop van die ouerbegeleidingsprogram effens toegeneem volgens die eerste na-toets wat toegepas is. Volgens die tweede na-toets het sy depressiewe gevoelens konstant gebly.

### 6.3.15 <u>Proefpersoon O</u>

Ofskoon proefpersoon O se "ouers" dit nooit erken het nie, is hulle nie getroud nie. Die terapeut dra egter kennis van die gesin aangesien een van die seuns vanweë sy stokkiesdraaiery vroeër in 'n kliniekskool geplaas is. 'n Ander broer dien tans gevangenisstraf uit vir diefstal van 'n motor. Proefpersoon O woon saam met haar ouers in 'n enkelkamer wat dien as slaap-, eet- en woonvertrek.

Sy beskik oor ondergemiddelde verstandsvermoëns (NSAGT: NV=85; V=85; T=85) en het standerd 2 gedruip. Sy was reeds in 5 skole sedert sy met haar skoolloopbaan begin het.

Volgens 'n verslag van die skool openbaar sy geen gedragsprobleme by die skool nie.

Na afloop van die ouerbegeleidingsprogram het haar depressiewe gevoelens 'n geringe afname getoon volgens die eerste na-toets. Hierdie positiewe tendens het volgens die tweede na-toets konstant gebly.

### 6.3.16 Proefpersoon P

Proefpersoon P se ouers is geskei en sy woon by haar ma en stiefpa. Uit haar deelname aan die groepbesprekings blyk dit dat haar ma en stiefpa baie baklei en dat sy vanweë die omstandighede tuis liewer uit die huis wil ontvlug en by vriende deurbring. 'n Welsynsorganisasie is ook by die gesin betrokke.

Sy beskik volgens die NSAGT oor ondergemiddelde vermoëns (NV=85; V=87; T=85). Sedert die begin van haar skoolloopbaan het sy reeds 12 skole besoek.

Volgens haar voogverslag openbaar sy van tyd tot tyd aggressiewe gedrag. By die huis is sy volgens haar moeder baie aggressief. Tydens die groepvoorligtingsessies het sy deurgaans 'n baie positiewe gesindheid openbaar.

Na afloop van die program het haar depressiewe gevoelens 'n geringe afname getoon na die eerste na-toets. Volgens die tweede na-toets het haar depressiewe gevoelens selfs verder afgeneem.

### 6.3.17 Proefpersoon Q

Proefpersoon Q is afkomstig uit 'n volledige gesin. Volgens die skool is haar ouers so fanaties by hul Godsdiensuitlewing betrokke dat sy in die proses emosioneel verwaarloos word.

Sy beskik oor gemiddelde verstandsvermoëns (NSAGT:- NV=94; V=98; T=96) en presteer daarvolgens. Sy was reeds in 5 skole.

Klaarblyklik vertoon sy geen gedragsprobleme by die skool of tuis nie. Tydens die groepvoorligtingsessies het sy egter baie apaties voorgekom.

Na afloop van die groepvoorligtingsessies het haar depressiewe gevoelens volgens haar selfevalueringsvraelys 'n groot afname getoon. Die tweede na-toets het aangetoon dat genoemde tendens konstant gebly het.

### 6.3.18 Proefpersoon R

Proefpersoon R is afkomstig uit 'n volledige gesin. Volgens haar voogverslag is hulle klaarblyklik 'n gelukkige gesin.

Sy beskik oor gemiddelde verstandsvermoëns (ASAT: V=92; NV=96; T=93), en het nog nie voorheen gedruip nie. Sy het reeds 4 skole besoek.

Geen probleme word deur die skool gerapporteer nie. Tydens die groepvoorligtingsessies het sy as 'n stil, teruggetrokke dogter voorgekom.

Na afloop van die program het haar depressiewe gevoelens beduidend afgeneem volgens die eerste na-toets. Die tweede na-toets het 'n soortgelyke afname getoon in vergelyking met die eerste na-toets.

### 6.3.19 Proefpersoon S

Proefpersoon S is afkomstig uit 'n gebroke gesin. Haar ma is lank reeds oorlede en haar pa is tans in die gevangenis. Met haar pa se vonnisoplegging is sy by familie geplaas. Volgens haar het die oom haar egter weggejaag en woon sy tans by haar vriend se ouers waar dit, volgens die skool, baie beter gaan.

Sy beskik volgens die NSAGT oor ondergemiddelde vermoëns (NV=91; V=87; T=89). Sedert die begin van haar skoolloopbaan was sy reeds in 11 skole. Sy presteer tans volgens haar vermoëns.

Volgens haar voogverslag was daar sprake van seksuele molestering in 1991. Sy het dit egter ontken. By die skool maak sy haar skuldig aan wangedrag - sy is byvoorbeeld by verskeie geleenthede betrap dat sy op die skoolterrein rook. Tydens die groepvoorligtingsprogram was daar egter geen sprake van enige onaanvaarbare gedrag nie. Sy het ten spyte van haar beperkte vermoëns aan die groepbespreking deelgeneem en kon, waarskynlik vanweë haar wye ervaringswêreld, sinvolle bydraes en oplossings vir ander se probleme lewer.

Na afloop van die groepvoorligtingsprogram het haar depressiewe gevoelens na die eerste na-toets aansienlik afgeneem. Hierdie positiewe tendens het volgens die tweede na-toets konstant gebly.

### 6.3.20 Proefpersoon T

Proefpersoon T is afkomstig uit 'n volledige gesin. Volgens die skool is die huislike omstandighede egter baie swak en kry hy geen ondersteuning van sy ouers nie.


Hy beskik oor bo-gemiddelde vermoëns (SSAIS:- V=117; NV=112; T=117), maar presteer ver onder sy vermoëns.

Volgens sy voogverslag vertoon hy geen probleemgedrag by die skool nie. Tydens die groepvoorligtingsessies was hy deurgaans baie stil en het moeilik aan besprekings of aktiwiteite deelgeneem.

Na afloop van die groepvoorligtingsprogram het sy depressiewe gevoelens volgens die eerste na-toets 'n geringe toename getoon. Die tweede na-toets toon 'n beduidende afname in depressiewe gevoelens wanneer dit vergelyk word met die voortoets.

## 6.4 GRAFIESE VOORSTELLING EN STATISTIESE ONTLEDING VAN DIE RESULTATE

### 6.4.1 Gemiddelde CDI-tellings tydens i) die voortoets, ii) na-toets (1) en iii) na-toets (2) ten opsigte van die verskillende begeleidingsgroepe




**VERKLARING**

____________ Groepvoorligtingsprogram

---------------- Ouerbegeleidingsprogram

— — — — — — Groepvoorligtings-/Ouerbegeleidingsprogram


Uit grafiek 6.4.1 blyk dit duidelik dat die 5 proefpersone wie slegs aan die groepvoorligtingsprogram onderwerp is, se depressiewe gevoelens met gemiddeld 5 punte afgeneem het vanaf die voortoets tot met die eerste na-toets. Volgens die tweede na-toets het hul

depressiewe gevoelens met 'n verdere 3.6 punte afgeneem. Vanaf die voortoets tot en met die tweede na-toets het hul depressiewe gevoelens dus 'n afname van 8,6 punte getoon.

Voorts toon die grafiek dat die 5 proefpersone wie se ouers slegs aan die ouerbegeleidingsprogram deelgeneem het, se depressiewe gevoelens na die eerste na-toets met gemiddeld 4,2 punte afgeneem het. Volgens die tweede na-toets het hul depressiewe gevoelens egter 'n styging van 1,2 punte getoon wanneer dit met die eerste na-toets vergelyk word. Vanaf die voortoets tot en met die tweede na-toets het hul depressiewe gevoelens steeds 'n daling van 3 punte getoon.

Diegene wie se ouers die ouerbegeleidingsprogram deurloop het en self ook by die groepvoorligtingsprogram betrek is, se depressiewe gevoelens het met gemiddeld 7,7 punte afgeneem vanaf die voortoets tot met die eerste na-toets. Volgens die tweede na-toets het hul depressiewe gevoelens met 'n verdere 2,6 punte afgeneem. Vanaf die voortoets tot met die tweede na-toets het hul depressiewe gevoelens dus 'n afname van 10,3 punte getoon.

6.4.2 **Individuele CDI-tellings tydens i) voortoets, ii) na-toets (1) en iii) na-toets (2) ten opsigte van die groepvoorligtingsprogram.**





**VERKLARING**

Proefpersone P-T is aan slegs die groepvoorligtingsprogram onderwerp.

Uit grafiek 6.4.2 blyk dit dat 4 van die 5 proefpersone wat slegs by die groepvoorligtingsprogram betrek is, se depressiewe gevoelens 'n afname getoon het tydens die eerste na-toets. Volgens die tweede na-toets het 2 proefpersone se depressiewe gevoelens konstant gebly, terwyl die oorblywende 3 se depressiewe gevoelens 'n verdere afname getoon het. Vanaf die voortoets tot met die tweede na-toets het almal wat slegs by die groepvoorligtingsprogram betrek is, se depressiewe gevoelens 'n beduidende afname getoon.

## 6.4.3 <u>Individuele CDI-tellings tydens i) voortoets, ii) na-toets (1) en iii) na-toets (2) ten opsigte van die ouerbegeleidingsprogram.</u>





**VERKLARING**

Proefpersone K-O se ouers is slegs by die ouerbegeleidingsprogram betrek.

Uit grafiek 6.4.3 blyk dit dat 4 van die 5 proefpersone wie se ouers slegs aan die ouerbegeleidingsprogram onderwerp is, se depressiewe gevoelens 'n afname getoon het tydens die eerste na-toets. Volgens die tweede na-toets het 3 proefpersone se depressiewe gevoelens konstant gebly, 1 s'n effens gedaal en die oorblywende een s'n 'n beduidende toename getoon. Vanaf die voortoets tot met die tweede na-toets het 3 proefpersone wie se ouers by slegs die ouerbegeleidingsprogram betrek is se depressiewe gevoelens 'n beduidende afname getoon, terwyl 2 s'n 'n toename - waarvan 1 'n beduidende toename - getoon het.

## 6.4.4 Individuele CDI-tellings tydens i) voortoets, ii) na-toets (1) en iii) na-toets (2) ten opsigte van die gekombineerde begeleidingsprogram.




**VERKLARING**

Proefpersone A-J is by die groepvoorligtingsprogram betrek en hul ouers is ook by die ouerbegeleidingsprogram betrek.

Uit grafiek 6.4.4 blyk dit dat 7 uit 10 proefpersone wie se ouers by die ouerbegeleidingsprogram betrek is en wie terselfdertyd aan die groepvoorligtingsprogram onderwerp is, se depressiewe gevoelens 'n afname getoon het tydens die eerste na-toets. Twee het 'n geringe toename in depressiewe gevoelens ervaar, terwyl proefpersoon B na 'n ander skool is en nie aan die na-toetse onderwerp is nie. Volgens die tweede na-toets het 6 proefpersone se depressiewe gevoelens 'n

verdere afname getoon, 1 s'n 'n afname getoon na 'n aanvanklike toename na die eerste na-toets en 2 'n toename getoon in vergelyking met die eerste na-toets. Vanaf die voortoets tot met die tweede na-toets het 8 van die oorblywende 9 proefpersone wat aan die gekombineerde begeleidingsprogram blootgestel is se depressiewe gevoelens 'n afname getoon.

## 6.5 SAMEVATTING

In hoofstuk 6 is die verloop van die empiriese ondersoek, wat die groepvoorligtingsprogram en die ouerbegeleidingsprogram insluit, en agtergrondgegewens van die proefpersone onder die loep geneem. Voorts is grafiese voorstelle en 'n statistiese ontleding van die resultate verskaf.